# Hoffmanplein Bloemfontein

In 1853, toe Bloemfontein met 'n paar honderd inwoners kon spog, is die markplein, vandag beter bekend as Hoffmanplein, uitgelê. Rondom die plein was net 'n paar winkels en rietdakhuisies. Wild was toe nog volop in die omgewing en 'n onskuldige wandelaar op die plein moes soms maar in sy spoor trap of hy word stromgeloop deur 'n wildebees! In 'n bylaag tot The Friend, Maart 1946, word vertel hoe Mev. Baumann, eggenote van die handelaar Isaac Baumann, op 'n dag deur 'n wildebees bestorm is. Sy is betyds gered deur 'n swartman, Mei, wie se werk dit was om die klok op die plein elke uur van die dag te lui. Die gelui het die wildebees verwilder.

Geleidelik het die dorpie gegroei en in 1855 vergader die eerste Munisipale kommissie in die huis van Dr C J G Krause op Markplein, ongeveer waar die Reserwebank vandag staan. In 1861 word die markgebou opgerig teen sowat 125 pond en handelstransaksies kon fluks vorder. Ossewaens, volgelaai met handelsware, het Markplein omskep in 'n bedrywige toneel. Ossewadrywers moes net onthou dat daar 'n spoedbeperking van 8 m p u was, en dat 'n boete van 115 sjielings gewag het vir diegene wat 'n sweep klap! Oor die swak toestande van die paaie was daar baie klagtes.

Die algemene handelaars soos Isaac Baumann en Hermann Jordan het van medisyne tot rokmateriaal verkoop, en geweerhandelaars, slagters, saalmakers, grofsmede, wamakers en hoteleienaars het in die ander behoeftes voorsien. Boumateriaal was skaars want 'n rit per ossewa vanaf Port Elizabeth het 28 dae geduur.


Ná die opening van die eerste spoorlyn in Bloemfontein in 1890, vind ontwikkeling vinnig plaas. Afgesien van die oprigting van nuwe geboue soos die Poskantoor, begin die motor die ossewa as vervoermiddel vervang. In 1915 word van die eerste trolliebusse sonder spore in S A op Markplein gesien.

In Maart 1900 annekseer Lord Roberts se Britse troepe Bloemfontein, en die intog vind plaas vanaf Onder-Kerkstraat tot op Markplein. In 1925 verskuif die mark na die huidige perseel in Aliwalstraat, en die plein word omskep in 'n pragtige tuin. Die plein word ook vernoem na die eerste president van die O V S, Pres J.P. Hoffman.

Vandag is die plein steeds die middelpunt van die stad en daagliks die toneel van flitsende robotte, vinnige motors en glinsterende winkelvensters. 'n Wildebees is nie meer 'n bedreiging nie, maar almal loop lig vir boetebessies en parkeerkaartjies! *Marietjie Joubert*
*Historikus*



*Verkeersknoop op Hoffmanplein deur waens en perdekarre*




On the 10th December 1868 the first traffic lights in the world went into action in London, near the Houses of Parliament Signal arms hanging down, or a green light at night - take care. Arms in a horizontal position or a red light at night - stop. The police announcement read as follows:

"The 'proceed with care' signal warns every vehicle driver or horse rider to cross the crossing carefully and to pay attention to the safety of the pedestrians. The 'stop' signal is only used when it is necessary to completely stop the traffic of both vehicles and horses on both sides of the crossing in order to enable pedestrians to cross over. In this way every driver of vehicles or horses is warned that he has to keep the crossing free."

By pulling the lever at the foot of the pole, the policeman was able to change to light from red to green, and this moved the arms at the same time.